# Kombuistee-tieklysie

## *Om mee te begin...*

□ Kies ’n datum: Kombuistee’s word gewoonlik tussen ses tot twee weke voor die troue gehou.
□ Stel ’n gastelys op: Gesels met die bruid oor wie sy graag daar wil hê.
□ Kies ’n plek en ’n tema vir die funksie.
□ Koop of maak ’n uitnodiging en maak seker dat dit al die nodige inligting bevat.
□ Laat stel ’n geskenkregister op by die bruid se gunstelingwinkel en kies goed waarvan sy sal hou.

## *Ses weke voor die tyd...*

□ Stuur uitnodigings uit en maak seker dat dit almal bereik.
□ Besluit oor tafelversierings en dankie-geskenkies sodat dit betyds gemaak kan word.
□ Beplan die spyskaart.
□ Besluit watter aktiwiteite daar gaan wees sodat daar genoeg tyd is vir voorbereiding.

## *Twee weke voor die tyd...*

□ Koop die laaste versierings en benodighede.
□ Koop jou geskenk en maak seker dat dit van goeie gehalte is.

## *Een week voor die tyd...*

□ Koop die laaste goed waarvoor jy verantwoordelik is.
□ Maak seker dat al die dankie-geskenkies, speletjies, pryse, en versierings reg is.

## *Die dag van die kombuistee...*

□ Wees vroeg by die *venue* en help om alles gereed te kry.
□ Maak ’n oulike hoekie vir die geskenke.
□ Maak seker dat die bruid en gaste die dag geniet.